## 27 April - GESOND

**Skrifgedeelte: Markus 5:25-34 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Markus 5:34**

"Daarna sê Hy vir haar: *"Dogter, jou geloof het jou gered."* Mens staan verwonderd dat hierdie vrou nog geloof gehad het. Dit is 'n stukkie geskiedenis vol aanhoudende slegte nuus, van dokters se feilbaarheid en onvermoë, van mense se onbegrip vir haar.

Hoeveel geloof bly oor nadat alles wat jy gehad het, in doktersrekeninge in is? En al wat jy daarvoor kan wys, is 'n siekte wat slegter word, en 'n leë beursie?

Wat is dit wat maak dat Jesus hierdie 12 jaar-lange siek vrou se geloof aanprys? Net dit – haar magtelose, leë en verleë hand wat haar desperaat aan Jesus se klere laat vat – iets wat sy as onreine nie mog doen nie, volgens Joodse wette. Maar sy doen dit tog! Want in haar benoudheid het sy geweet: net Hy kan gesond maak! En Jesus maak haar gesond: "Wees vir goed van jou kwaal genees."

In ons teks is daar egter 'n dieper dimensie aan gesondmaak! Jesus sê: "Jou geloof het jou *gered.*" Die Evangelieskrywer Matteus gebruik (in Grieks) 'n werkwoordvorm wat beteken: dié genesing is 'n daad van redding met blywende gevolge! Hierdie redding gaan aan en aan, tot in ewige heerlikheid! Sekerlik beteken dit nie dat sy nooit weer siek sal word nie! Maar wel dat geen siekte haar ooit weer van God en sy genesende teenwoordigheid sal vervreem nie! Daarom voeg Hy by: "Gaan in vrede!" Gaan in die rustige sekerheid dat jy (vir) altyd by God gesond sal wees!

Hoe sal ek en jy dié vrede vind? Net as ons met leë, onrein hande aan Jesus vashou ... en glo dat Hy elke siekte en mag wat ons lewens wil afbreek, oorwin het – deur sy kruis en opstanding.

*Sing: Psalm 42:3 (1936-beryming)* *Ds HC van Rooy (Randburg)*